



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

VRAESTEL 2: LETTERKUNDE

MODEL 2009

PUNTE: 70

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 35 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.
2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy in die klas behandel het. Lees dan daarna hierdie vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die tipe vraag wat jy wil doen.
3. Die vraestel bestaan uit VIER afdelings:
AFDELING A: Roman (35 punte)
AFDELING B: Drama (35 punte)
AFDELING C: Kortverhale (35 punte)
AFDELING D: Gedigte (35 punte)
4. Voer die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig uit.
5. Beantwoord TWEE vrae. EEN vraag uit ENIGE TWEE afdelings.
6. Gebruik die kontrolelys om jou met jou keuses te help.
7. Nommer die antwoorde presies soos in die vraestel.
8. Beantwoord elke afdeling op ? NUWE bladsy.
9. Skryf netjies en leesbaar.
10. Voorgestelde tydsindeling: ongeveer 60 minute per afdeling/vraag.

INHOUDSOPGAWE

Doen TWEE vrae van 35 punte elk.

Doen EEN vraag oor elkeen van die TWEE genres wat julle in die klas gedoen het.

AFDELING A: ROMAN

Beantwoord slegs EEN vraag.

VRAAG 1: Kringe in ? Bos	Opstelvraag	35 punte
OF		
VRAAG 2: Kringe in ? Bos	Kontekstuele vraag	35 punte

OF

VRAAG 3: Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom	Opstelvraag	35 punte
OF		
VRAAG 4: Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom	Kontekstuele vraag	35 punte

OF

VRAAG 5: Meeulanders	Opstelvraag	35 punte
OF		
VRAAG 6: Meeulanders	Kontekstuele vraag	35 punte

OF

AFDELING B: DRAMA

Beantwoord slegs EEN vraag.

VRAAG 7: Poppie, die drama	Opstelvraag	35 punte
OF		
VRAAG 8: Poppie, die drama	Kontekstuele vraag	35 punte

OF

VRAAG 9: Paljas	Opstelvraag	35 punte
OF		
VRAAG 10: Paljas	Kontekstuele vraag	35 punte

OF

AFDELING C: KORTVERHALE

Beantwoord slegs EEN vraag.

VRAAG 11: Die werksmanne van Slovoville	Opstelvraag	35 punte
OF		
VRAAG 12: Die Engelman (vir Cila)	Kontekstuele vraag	35 punte

OF

AFDELING D: GEDIGTE

Beantwoord enige TWEE van die volgende vrae.

VRAAG 13: Melkkantien	Kontekstuele vraag	17½ punte
OF		
VRAAG 14: Life van die jobless	Kontekstuele vraag	17½ punte
OF		
VRAAG 15: Talle tonge	Kontekstuele vraag	17½ punte
OF		
VRAAG 16: Wetenskapmannetjies	Kontekstuele vraag	17½ punte

AFDELING A: ROMAN**BEANTWOORD OF DIE OPSTELVRAAG OF DIE KONTEKSTUELE VRAAG****VRAAG 1: Opstelvraag****KRINGE IN 'N BOS:** Dalene Matthee

Die gebeure tydens Saul se veertiende jaar sou sy lewe vir altyd verander.

Skryf ? OPSTEL waarin jy hierdie stelling volledig bespreek. Jou opstel moet ? inleiding en ? slot hê.

Jy kan in jou opstel na die volgende gebeure verwys:

- sy ma se dood
- die bloubokkie se gal
- sy eerste ontmoeting met Oupoot
- die eerste kennismaking met die wêreld buite die Bos.

[35]**OF****VRAAG 2: Kontekstuele vraag****KRINGE IN 'N BOS:** Dalene Matthee

- Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1	“Ek het dan gehoor jy gaat saam met die skip weg?” Die agterdog is
2	nog daar, maar nie die kwaad nie.
3	“Ek wil graag bly. Maar ek kan dit alleenlik doen as julle saam met
4	my staan en my help om ? eie besigheid te begin – ek kan dit alleenlik
5	doen as julle saam met my staan en my help om te red wat oor is van
6	die Bos.”
7	“En hulle?” vra Jozef met ? beweging van sy kop in die rigting van
8	die tente en die huise. “Wat van hulle wat kap en mors soos hulle wil?”
9	“Nie meer vir lank nie. Hulle is aan die oppak ... Eendag, wanneer
10	hulle weg is, sal ek jou kinders wys hoe ? mens goud uitwas. Daar sal
11	iewers ? bietjie weggesteek lê in die spruite.” Onder in die kloof het
12	die stampmeul stil geword, ? bosloerie se hoot-hoot-hoot het in die
13	plek daarvan opgegaan.
14	“Jozef,” sê Saul moeg, “kom ons los ons dinge en ons wys vir die
15	wêreld wat uit die Bos kan kom.”
16	Jozef laat sak sy kop en skop, skop in die stof met sy flenterskoen
17	se punt. “Dis nie waarom jy teruggekom het nie,” sê hy stilweg.
18	“Nee. Ek het gekom omdat ek geweet het dit kon nie Oupoot
19	gewees het nie – dan sou jou kind nie tot amper op die dorp geleef het
20	nie. As een van sý tande deur hom was, sou daar min oorgebly het ...
21	Ek is jammer, Jozef. Ek is jammer oor jou kind.”
22	Toe Jozef opkyk, is al die seer in hom terug. “Jy had altyd ?
23	ding oor Oupoot. Miskien het ek jou gehaat omdat jy die moed gehad

24 het om die bloubok se kop oop te kap en ek nie.

- 2.1 Voltooi die volgende stelling met die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

Die skip waarmee Saul sou weggaan, was die ...

- A Victoria.
B Pictor.
C Jefferson.
D Millwood.

(1)

- 2.2 Voltooi die volgende stelling met die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

MacDonald het sy bes gedoen om te keer dat Saul ? besigheid in Knysna begin omdat hy bang was dat Saul ...

- A weer sou vrede maak met sy broer.
B Engels sou leer praat en hulle verstaan.
C die houtkappers sou ompraat om hout aan hom te lewer.
D sou agterkom hoeveel sy pa vir MacDonald geskuld het.

(1)

- 2.3 Toe Saul sy soektog na Oupoot begin het, was hy vas van plan om in die Bos agter te bly sodra hy hom geskiet het.

2.3.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR?

(1)

2.3.2 Motiveer jou antwoord met ? sin wat jy uit hierdie uittreksel aanhaal.

(1)

- 2.4 Patterson wat deur MacDonald gehuur was om vir goud in die Bos te soek, het geglo dat daar eerder spoelgoud as goudriewe in die Bos was.

2.4.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR?

(1)

2.4.2 Motiveer jou antwoord deur na Saul en Jozef se gesprek in hierdie uittreksel te verwys.

(1)

- 2.5 As Saul in reël 3 sê dat hy graag in die Bos wil bly, sê hy eintlik hoe lief hy die Bos het. Waarom het hy dan die volgende woorde gesê?

2.5.1 "Ons moet uitkom uit die Bos, Pa!"

(1)

2.5.2 "Ek is klaar met die Bos, Kate."

(1)

- 2.6 "En hulle?" vra Jozef met ? beweging van sy kop in die rigting van die tente en die huise. "Wat van hulle wat kap en mors soos hulle wil?" (Reëls 7 en 8)

2.6.1 Wie is die "hulle" na wie Jozef in hierdie gedeelte verwys?

(1)

2.6.2 Waarom is "hulle" besig om op te pak?

(1)

2.7 “Jozef,” sê Saul moeg, “kom ons los ons dinge en ons wys vir die wêreld wat uit die Bos kan kom.” (Reëls 14 en 15)

2.7.1 Na watter “dinge” verwys Saul hier? (1)

2.7.2 Dis vir Saul belangrik om vir die wêreld te wys wat uit die Bos kan kom, veral omdat Kate eendag iets oor die houtkappers gesê het. Wat is dit wat Kate gesê het wat vir Saul so seergemaak het? (1)

2.8 DRIE van die volgende SES eienskappe pas by Saul.
Die ander DRIE eienskappe pas by Jozef.
Stel ? tabel op om te wys hoe die twee broers van mekaar verskil.

- bevraagteken ou gebruike
- vrees vir Oupoot
- respek vir Oupoot
- bang om alleen te staan
- die slimme
- die sterke


Jou tabel moet só lyk:

KOLOM A Saul	KOLOM B Jozef
2.8.1	2.8.4
2.8.2	2.8.5
2.8.3	2.8.6

2.9 Voltooi: Dit was 2.9.1 ... (1) wat vir Saul die tyding gebring het dat 2.9.2 ... (1), Jozef se seun, dood is. Hy kom ook sê dat 2.9.3 (naam en van) (1) vir Oupoot gaan kom skiet. (3)

2.10 Rangskik die volgende dele van die skewe sirkel in die korrekte volgorde. Begin soos aangedui. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

Sirkels speel ? belangrike rol in hierdie roman en ? skewe sirkel word met negatiewe ervarings geassosieer.



(4)

2.11 Uit die uittreksel (bladsy 4 en 5) is dit duidelik dat Saul vir Oupoot baie goed ken.

2.11.1 By watter geleentheid het Saul vir die heel eerste keer vir Oupoot gesien?

(1)

2.11.2 Wat is so uniek aan elke ontmoeting wat Saul hierna met Oupoot gehad het?

(1)

2.11.3 Waarom, sê Maska, het Oupoot vir Saul in kringe laat loop tot bo in Meulbos?

(1)

2.12 “Miskien het ek jou gehaat omdat jy die moed gehad het om **die bloubok se kop oop te kap** en ek nie.” (Reëls 23 en 24)

Skryf ? paragraaf oor die betekenis van die bloubokkie in hierdie verhaal. Jou antwoord moet by hierdie woorde van Jozef aansluit.

(5)

2.13 Voltooi die volgende stelling met die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

Die einde van die roman is moontlik omdat ...

- A die Bos moes betaal toe Oupoot doodgeskiet word.
- B Kate vir Saul help om Thompson se hoekerf te koop.
- C Jozef nou nie meer vir MacDonald geld skuld nie.
- D die hele Bos totaal deur die delwers verniel is.

(1)

2.14 Soos in die omgewing van Knysna is dit deesdae algemeen om bome en plante uit te kap vir die bou van nuwe paaie of om die paaie te verbeter, ensovoorts.

In die Knysna-omgewing word die pad nou breër gemaak. In die proses word van die mooiste geelhoutbome en varings uitgekap.

Wat is jou opinie oor die vernietiging van die natuur om paaie te ontwikkel?

(1)
[35]

VRAAG 3: Opstelvraag

DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM: Marita van der Vyver

In hierdie verhaal leer ons Hanna ken as ? vyftienjarige meisie wat na haarself soek en haarself wil aanvaar.

Skryf ? OPSTEL waarin jy hierdie stelling volledig bespreek en gee voorbeelde uit die verhaal. Jou opstel moet ? inleiding en ? slot hê.

Jy kan in jou opstel na die volgende gebeure verwys:

- hoe Hanna uiterloik lyk
- Hanna se innerlike konflik
- Hoe Hanna uit haar werklikheid ontsnap.

[35]

OF

VRAAG 4: Kontekstuele vraag

DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM: Marita van der Vyver

- Lees die volgende dagboekinskrywing deur wat geskryf is na aanleiding van die gebeure in die roman en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1	Liewe Dagboek
2	Uiteindelik is ons vanaand by die huis na ? heerlike vakansie by
3	Botterberg!
4	Ja, dit het gereën en gereën en gereën ... , maar ek het myself leer
5	ken. Ek weet nou dat ek die wonderlikste pa in die hele wêreld het
6	(al is hy ? moffie)!
7	Hy het my van my geboorte vertel, vir my ? <i>cashmere</i> -trui gebring
8	en hy het die wonderlikste sin vir humor.
9	En weet jy wat? Hy het erken dat hy my eerder ? meer eksotiese
10	naam sou wou gee ... iets soos Fabienne of Pascale!
11	O! die belangrikste – ek het lief geword vir die hele ou spul saam
12	met wie ek in die huis bly – my eie ongelooflike saamgestelde gesin.
13	Nou gaan ek slaap en slaap
14	Hanna

- 4.1 Wat is Hanna se pa se naam? (1)
- 4.2 Noem VYF dinge wat jy weet van die verhouding tussen Hanna en haar pa. (5)
- 4.3 Vertel ook in DRIE sinne wat jy van die verhouding tussen Hanna en haar stiefpa weet. (3)
- 4.4 Beyers het vir Hanna haar naam gegee.
- 4.4.1 Sê of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)
- 4.4.2 Motiveer jou antwoord in VRAAG 4.4.1. (1)
- 4.5 Pas die beskrywing van ? karakter in KOLOM B by die naam van die karakter in KOLOM A. Skryf slegs die vraagnommer en die letter neer.

KOLOM A	KOLOM B
4.5.1 Tibo	A Verlang na sy ma en wil haar graag meer sien.
4.5.2 Yann	B Wil graag ? baie bekende aktrise wees.
4.5.3 Amos	C ? Rykmansdogter wat na ? gesinslewe verlang.
4.5.4 Sharon	D Is verward omdat sy pa ? proefbuis is.
4.5.5 Margot	E Dink hy is cool en die meisies dink ook so.
	F Wil graag ? baie bekende skrywer wees.

(5)

- 4.6 In hierdie verhaal is Fabienne Hanna se alter-ego.
- 4.6.1 Sê of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)
- 4.6.2 Motiveer jou antwoord met ? rede uit die verhaal. (1)
- 4.7 Vergelyk Hanna en Fabienne se lewens met betrekking tot hulle blyplekke en hulle gesinne. Gebruik die volgende tabel wat jy in jou antwoordeboek moet oortrek.

	Hanna	Fabienne
Blyplek		
Gesinne		

(4)

- 4.8 Mana is ? konserwatiewe ma wat ? onderwyseres is.
- 4.8.1 Sê of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)
- 4.8.2 Motiveer jou antwoord met TWEE redes uit die verhaal. (2)

4.9 “Vir my sal jy altyd my liefste Hanna Hoekom bly.”

Wat lei jy uit hierdie aanhaling af oor Hanna en oor Mana se gevoel vir Hanna? (2)

- 4.10 Voltooi: 4.10.1 ... (1) en Beyers wil met wittebrood gaan, maar hulle wil hulle 4.10.2 ... (1) saamneem. Beyers het besluit dat hierdie wittebrood op die plaas, 4.10.3 ... (1) sal wees. Die doel van hierdie wittebrood is dat die gesin mekaar 4.10.4 ... (1) moet leer ken. (4)

- 4.11 Die skrywer gebruik die eerstepersoonverteller
- 4.11.1 Is die stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 4.11.2 Motiveer jou antwoord in VRAAG 4.11.1. (1)
- 4.12 Voltooi die volgende stelling met die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.
- Die tema van die verhaal is ...
- A foute wat so baie ouers maak.
- B verlange van kinders na hulle ouers.
- C hoe om soos iemand anders te wees.
- D aanvaarding van jouself, jou gesin en jou omgewing. (1)
- 4.13 Hoe het hierdie verhaal jou siening van stiefouers en stiefkinders beïnvloed? (1)
- 4.14 Hoekom dink jy is die titel van die verhaal ? baie goeie keuse? (1)
- [35]

OF

VRAAG 5: Opstelvraag

MEEULANDERS: Esta Steyn

- Lees die volgende uittreksel deur.

1	Ja, daar is een ding wat hy ou Matthys Langhans, skelm en suinig
2	soos die siel is, moet toegee: hy kan trots wees op albei sy seuns.
3	Dis meer as wat hy, wat Hermanus is, vandag kan sê. En meteens
4	voel Hermanus die vae beklemming soos altyd wanneer hy aan
5	Schalk dink. Schalkie! roep hy die naam in sy binneste. Waar is

6	jy, my kind? wonder hy diep dringend. Waar het ons paaie so erg
7	skeef geloop? Maar hy skuif die gedagte opsy toe hy Fred se
8	swart motor die parkeerarea binnegery sien kom.
9	Fred, sy trots, wat besig is om van Blanckenburg Canning een
10	van die nywerheidsreuse aan die Weskus te maak.

Vir Hermanus Blanckenburg beteken sy seun, Fred, alles. Schalk is die swartskaaip.

Skryf ? opstel met voorbeelde uit die teks en bespreek hierdie stelling volledig. Jou opstel moet ? inleiding en ? slot hê.

Jy kan in jou opstel na die volgende gebeure verwys:

- Schalk (Skalla) se kinderlewe
- Fred se volwasse lewe
- Schalk se volwasse lewe.

[35]

VRAAG 6: Kontekstuele vraag**MEEULANDERS:** Esta Steyn

- Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1	MEEULAND, VRYDAG, 29 SEPTEMBER 1978
2	<i>Was vandag die eerste maal wal toe vandat ek gekom het. Knipmes</i>
3	<i>vir Daniël gekoop. Hy't saam kaai toe gery toe ons moes teruggaan,</i>
4	<i>baie bly oor die mes en sy hare ruik soos bamboes toe hy dankie sê.</i>
5	<i>Ronnie, Ronnie. Ek mis ons huis en ons kombuis en die eethoekie met</i>
6	<i>die bak vrugte en die Hollandse sout-en peperpotjies wat Prof vir my op</i>
7	<i>my eerste verjaardag by die Instituut gegee het. Ek mis ons stemme</i>
8	<i>toe ons soggens en saans daar gesit en eet het. Wat het van ons</i>
9	<i>stemme geword? Waar gaan die stemme heen wanneer dit wegraak in</i>
10	<i>sterwende stiltes ... wat word van die skreeuende stemmetjie van die</i>
11	<i>klein malgassie wat dood is? Hy's dood. Hy't daar gelê toe ek nethou</i>
12	<i>gaan kyk het. Net die duikertjie het oorgebly. Die vreemde duikertjie.</i>
13	<i>Sal die ma eendag weet dis nie haar kind nie? Eendag sal hy ? swar t</i>
14	<i>duiker wees en nie ? wit malgas nie? Sal sy dan sien hy's van ? ander</i>
15	<i>soort? Of het hy klaar haar eie kind geword toe sy hom onder haar</i>
16	<i>warm vlerke ingesleep het? Ek wonder hoe hy by haar ge kom het. Die</i>
17	<i>klomp duikers op die rotse oorkant die malgasse, wat mekaar se</i>
18	<i>seegrass steel wanneer hulle neste maak, weet nie eens dat een van</i>
19	<i>hulle soos ? wit malgasma aan die oorkant van die wit paadjie het nie?</i>
20	<i>Wat skei die een soort dan van die ander? ? Grens? Om nooit oor te</i>
21	<i>steek nie, behalwe in doodsnoed?</i>

- 6.1 Voltooi die volgende stelling met die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer en die letter neer.
As Ryna in haar dagboek skryf dat sy "wal" toe is, praat sy van ...

- A Kaapstad.
B Meeuland.
C Salamanderbaai.
D Duiker-eiland. (1)

- 6.2 Voltooi die volgende stelling met die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

As deel van Ryna se navorsing moes sy ...

- A skilderye verf van die mense en die omgewing.
B ? boek oor kusvoëls skryf met illustrasies.
C gaan help om al die kreefdiewe te vang.
D die mense van die eiland moet inpraat. (1)

- 6.3 Voltooi die volgende stelling met die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

Wanneer Ryna vir Daniël sien, herinner hy haar aan ...

- A Attie, wat ? goeie vriend word.
B haar oorlede seuntjie, Ronnie.
C Vincent, haar oorlede man.
D die gesig in die vlamme.

(1)

6.4

Tafelberg in vlamme



Mnr. Nick Smith (23) en James Gilmoure (23) dra hul kiere terug na hul huise nadat hulle by vriende oorgeslaap het. Talle inwoners van Vredehoek het gister omstreeks 01:00 hul wonings verlaat. Foto: LULAMA ZENZLE

Brand eis hawelose

Roetes na berg verstop toe sommige vlug en ander staar

[Uit: *Beeld*, 19-03-09]

Indien Ryna hierdie koerantberig sou lees, sou sy dadelik teruggedink aan die aand toe haar deftige huis afgebrand het.

Skryf ? paragraaf waarin jy vertel wat Ryna sou onthou oor die brand **in haar deftige huis**.

(5)

- 6.5 Ryna is teen haar sin Meeuland toe gestuur.

6.5.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR?

(1)

6.5.2 Motiveer jou antwoord deur te sê hoe Ryna op Meeuland aangepas het.

(1)

- 6.6 Ryna se burgerband-radionaam (CB-naam), Mama-Meeu, pas nie by Ryna nie, want sy is nie ? ma nie.

6.6.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR?

(1)

6.6.2 Motiveer jou antwoord deur te verwys na Ryna se rol op die eiland.

(1)

- 6.7 Kies die naam in KOLOM B wat pas by die dialoog in KOLOM A. Skryf net die die vraagnommer en die letter neer.

KOLOM A		KOLOM B	
6.7.1	My saak is my saak.	A	Skalla
6.7.2	Ek is nie die gesalfde met die erwe en die eiendom nie.	B	Jacob
6.7.3	Ek het nog ? naam gekry saam met al my ander name.	C	Jannerik
6.7.4	As ? mens rou, juffrou, dan hoor jou ore net wat hulle wil hoor.	D	Ryna
6.7.5	Ek het nie Fred se duur advokate nodig om die prentjie te probeer mooi inkleur nie.	E	Matthys
		F	Fred

(5)

- 6.8 Voltooi: Ryna vertel in haar dagboekinskriving van die klein malgassies wat dood is. Dit laat ons dink aan die aand toe 6.8.1 ... (1) en 6.8.2 ... (1) se babadogtertjie dood is. Hulle het toe 6.8.3 ... (1) se baba wat 6.8.4 ... (1) Meeuland toe gebring het, met die dooie baba geruil.

(4)

6.9

“Sal die ma eendag weet dis nie haar kind nie? Eendag sal hy ? swart duiker wees en nie ? wit malgas nie?” (Reëls 13 en 14)

Hoe pas hierdie aanhaling uit Ryna se dagboekinskriving by die hoofgedagte van die verhaal?

(2)

- 6.10 Skryf die volgende gebeure in die korrekte volgorde. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

- A Ryna kry vir Elsabet bewusteloos by die wasgoedlyn.
 B Mosselvlotte word naby Meeuland geanker.
 C Jacob en Elsabet skei.
 D Jacob probeer om Elsabet se lewe te red.

(4)

- 6.11 Hoe lank het Ryna op Meeuland gewoon?

(1)

- 6.12 Waar het Ryna gewerk voordat sy Meeuland toe gekom het?

(1)

- 6.13 Ryna het vir drie weke by professor Van Keulen gebly voordat sy Meeuland toe kon vlug.

6.13.1 Wat was Ryna se naam voordat sy Meeuland toe gekom het?

(1)

6.13.2 Waarom het Ryna haar naam verander?

(1)

6.14

“Wat skei die een soort dan van die ander?” (Reël 20)

6.14.1 Hoe pas hierdie aanhaling uit Ryna se dagboekinskriving by die feit dat Ryna se gevoel vir Meeuland anders is as Elsabet s'n?

(2)

6.14.2 Waarom kan ons met sekerheid sê dat Ryna en Jacob ná sy tronkstraf bymekaar sal uitkom?

(1)

6.15 Ons leer Ryna aan die begin van die verhaal ken as iemand wat ? groot tragedie ervaar het. Watter belangrike lewensles kan jy by Ryna leer?

(1)
[35]

OF

AFDELING B: DRAMA

BEANTWOORD OF DIE OPSTELVRAAG OF DIE KONTEKSTUELE VRAAG

VRAAG 7: Opstelvraag

POPPIE, DIE DRAMA: Elsa Joubert en Sandra Kotzé

In hierdie drama leer ons van die belangrike rol wat vroue in die lewe speel.

Skryf ? OPSTEL waarin jy hierdie stelling volledig bespreek. Jou opstel moet ? inleiding en ? slot hê.

Jy kan in jou opstel na die volgende gebeure verwys:

- Grootouma Kappie
- Ouma Hannie
- Mama Lena
- Poppie.

[35]

OF

VRAAG 8: Kontekstuele vraag

POPPIE, DIE DRAMA: Elsa Joubert en Sandra Kotzé

– Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1 “Poppie (aan Stone): Ek is nou net mooi moeg. Ek kan dit nie meer
2 staan nie. Ek voel ek kan nie meer hou nie, ek moet lieverste weggaan.
3 Ek kan nie meer praat nie. As daar op ? ander plek lewe is, sal ek daar
4 gaan lewe. Dis nie jy wat die op-en-afloop moet doen nie, dis op my rug
5 wat die moeilikheid gesit is. Ek is moeg, ta-ta-Bonsile.”

8.1 Wie is die persoon, Stone, met wie Poppie praat? (1)

8.2 Gee TWEE oorsake vir die “moeilikheid” wat op Poppie se rug gesit is. (2)

8.3 Dis net Poppie wat in die drama sukkel met passe en om verlengings te kry.

8.3.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)


8.3.2 Gee ? rede vir jou antwoord in VRAAG 8.3.1. (1)

1 POPPIE: En daar sal skool wees vir my kinders?
 2 MR. STEVENS: Daar sal skool wees vir jou kinders. Is dit goed,
 3 Rachel.
 4 POPPIE: Dis goed.
 5 MR. STEVENS: Dan sit ons jou naam op vir ? huis in Mdantsane.
 6 (*Beweeg weg.*)
 7 POPPIE (*bly staan*). Wat kan ek doen? Ek kan nie die wet met my
 8 hande breek nie.

- 8.4 Watter sin in die aanhaling sê vir ons dat Poppie se vyand die stelsel is? (1)
- 8.5 Waarheen wil die pasbeampte, mnr. Stevens, Poppie en haar kinders stuur? (1)
- 8.6 Voltooi die volgende stelling met die KORREKTE antwoord.
 Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

Poppie word weggestuur, omdat ...

- A sy baie oor die paswet gekla het.
 B haar kinders hulle sleg gedra het.
 C haar man van die Ciskei kom.
 D sy in Lambertsbaai grootgeword het. (1)
- 8.7 Watter TWEE voorwaardes stel Poppie dan as sy na die platteland moet gaan? (2)
- 8.8 Gebruik die kaart op die volgende bladsy en voltooi die paragraaf met die korrekte plekname.



In die drama word van Poppie se reise deur haar lewe vertel. Die eerste plek waar sy gebly was 8.8.1 ... (1). Daarna trek sy saam met Ma Lena na 8.8.2 ... (1). Toe die Xhosa-mense moes trek, is Poppie na 8.8.3 ... (1) geskuif. Haar huwelik en die stelsel het haar daarna geforseer om na 8.8.4 ... (1) te trek.

(4)

- 8.9 Poppie se huis in Jakkalsvlei was baie beter as die huis in die Ciskei.
- 8.9.1 Is die stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 8.9.2 Motiveer jou antwoord met ? rede uit die drama. (1)
- 8.10 Rangskik die volgende sinne in die korrekte logiese volgorde neer. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.
- A Stone bou ? huis in Jakkalsvlei.
 B Poppie trek Nyanga toe.
 C Stone vat kontrak by die Philippi-melkery.
 D Poppie kry werk inslaapwerk by die kwekery. (1)
- 8.11 Pas die woord/woorde in KOLOM B by die term in KOLOM A. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

KOLOM A		KOLOM B	
8.13.1	hoofkarakter	A	Paswet/regering
8.13.2	medekarakter	B	Stone/Jakkie
8.13.3	antagonis	C	Poppie
8.13.4	tritagonis	D	Ouma Hannie
		E	Mosie

- 8.12 Dit is ironies dat Poppie voel of sy van die Kaap se mense is as sy haar eerste papiere kry. Hoekom? Noem EEN rede. (1)
- 8.13 Die klimaks in die drama is wanneer Stone doodgaan.
- 8.13.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 8.13.2 Motiveer jou antwoord met ? rede uit die drama. (1)
- 8.14 Watter belangrike lewenswaarheid het jy uit die drama geleer? (1)
- 8.15 Die dialoog in hierdie drama is nie so belangrik nie.
- 8.15.1 Is die stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 8.15.2 Motiveer jou antwoord in VRAAG 8.15.1. (1)
- 8.16 Skryf ? paragraaf oor VYF veranderinge wat in Poppie se lewe plaasgevind het. (5)

[35]**OF**

VRAAG 9: Opstelvraag**PALJAS:** Chris Bamard

In hierdie drama leer die leser baie lesse uit hoe die karakters optree in verskillende situasies.

Skryf ? OPSTEL waarin jy hierdie stelling volledig bespreek. Jou opstel moet ? inleiding en ? slot hê.

Jy kan in jou opstel na die volgende gebeure verwys:

- die lesse wat ons by die McDonalds kan leer
- die dominee se optrede
- die inwoners van Toorwater se optrede
- watter rol die nar speel in hierdie leerproses.

[35]**OF****VRAAG 10: Kontekstuele vraag****PALJAS:** Chris Bamard

- Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg:

1	MANUEL: (<i>ruk homself oombliklik reg</i>): Julle was baie goed
2	vir my.
3	HENDRIK: Wat praat jy nou? Jy't hierdie kind se tong weer
4	losgeknoop!
5	MANUEL: (<i>verbaas</i>): Wie – ek?
6	KATRIEN: Ja, jy. Jy't die paljas op hom gesit.
7	Willem sien hoe Manuel sy oë droog vee.
8	WILLEM: (<i>haal tekengoed uit sy hemsak</i>): Kom ons teken vir
9	jou 'n gesig wat nie huil nie.
10	MANUEL: Wie huil?
11	WILLEM: Ons teken ? hanswors.
12	MANUEL: Dis ? plan.
13	Willem begin teken 'n hansworsmasker op Manuel se
14	gesig.
15	'n Passasierstrein staan op die dorpstasie en stoom. Hendrik staan
16	op die perron en gee Manuel se goed vir hom deur die treinvenster
17	aan. Willem, Katrien, Emma en Nollie is ook by. Hendrik gee die
18	konserterina aan.
19	MANUEL: (<i>wys nee</i>): Dis Willem s'n. Hy moet leer om dit te speel.
20	(<i>Tot Willem.</i>) Onthou, nè, jy't belowe. Oefen daardie paar drukke wat
21	ek jou gewys het. (<i>Tot Hendrik.</i>) Hy gaan die ding leer speel, en hy
22	gaan aanhou glimlag.
23	Die trein begin trek.

24	HENDRIK: Gou, hier's nog. <i>(Hy gee iets aan en Manuel gryp.)</i>
25	Al jou toorgoed.
26	Hulle lag.
27	Die trein ry.
28	Almal staan en waai.
29	Willem hardloop al langs Manuel se venster en waai.
30	Katrien en Emma is besig om aan te trek. Katrien het ? mooi rok aan
31	wat sy voor die spieël staan en bekyk. Die rok se kleur pas presies
32	by die blou oorkrabbers.






- 10.1 Voltooi die volgende stelling met die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

As Manuel sê die McDonald-gesin was goed vir hom, verwys hy na hoe hulle ...

- A vir sy geverfde gesig gelag het.
 B sy sirkusvertoning ondersteun het.
 C hom verpleeg het na sy skietwonde.
 D hom toegelaat het om die skuur se mure te versier. (1)
- 10.2 Die res van Toorwater se inwoners, insluitend die dominee, was glad nie beïndruk met Manuel nie.
- 10.2.1 Hoe het Manuel gelyk toe hy die Sondag kerk toe was? (1)
- 10.2.2 Wat het die dominee gedoen toe hy vir Manuel die Sondag in die kerk gesien het? (1)
- 10.2.3 Wat het Manuel gemotiveer om daardie Sondag kerk toe te gaan? (1)
- 10.2.4 Wat was die tema van die dominee se preek daardie Sondag? (1)
- 10.2.5 Waarom, dink jy, het die kerkmense so min geduld met Manuel? (1)
- 10.3 Die dominee sê in sy preek dat die mense verlossing en genade miskyk. Waarom is dit ironies as ons kyk na wat Manuel vir hulle kan beteken? (1)
- 10.4 Voltooi die volgende stelling met die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer en die letter neer.
- Die gebeure in die kerk het direk aanleiding gegee tot die ... van die drama.
- A motoriese moment
 B eksposisie
 C krisis
 D ontknoping (1)

- 10.5 “Jy't hierdie kind se tong weer losgeknoop!” (Reëls 3 en 4)
- 10.5.1 Hoe lank was Willem se tong “geknoop”? (1)
- 10.5.2 Wat was die rede, volgens die dokter, vir Willem se probleem? (1)
- 10.5.3 Hoe sluit “tong weer losgeknoop” aan by die tema van die drama? (1)
- 10.6 Die feit dat Willem se tong losgeknoop is en hy dan dadelik vir Emma vra om klavier te speel, is simbolies.
- 10.6.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 10.6.2 Motiveer jou antwoord in VRAAG 10.6.1. (1)
- 10.7 Voltooi die volgende stelling met die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer en die letter neer.
- “Jy't paljas op hom gesit” beteken Manuel het Willem ...
- A leer teken.
B laat verander.
C se gesig gevef.
D leer konsertina speel. (1)

10.8 Kies uit KOLOM B die antwoord wat die beste by die prent/prente in KOLOM A pas.

KOLOM A		KOLOM B	
10.8.1		A	Die oorsaak van rusie tussen Hendrik en Katrien.
10.8.2	 	B	Symboliseer vryheid.
10.8.3		C	Die lewe is te kort vir trane.
10.8.4		D	Weerspieël die Afrikaner en sy kultuur.

(4)

10.9 Voltooi: Emma en Katrien trek aan om na die 10.9.1 ... -dans te gaan. Hierdie dans is die simbool van die 10.9.2 ... van die verlede. Vir Hendrik-hulle is dit die simbool van 10.9.3 (Gee TWEE feite.) (maksimum 5 woorde).

(3)

10.10 Toe die McDonald-gesin by die dans kom, was Toorwater se inwoners bly om hulle te sien.

10.10.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR?

(1)

10.10.2 Motiveer jou antwoord deur in EEN sin te verduidelik wat presies gebeur het met hulle aankoms by die dans.

(1)

- 10.11 Indien hierdie drama opgevoer word, mag ? akteur nie die skuinsgedrukte woorde in die uittreksel ignoreer nie.
- 10.11.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 10.11.2 Motiveer jou antwoord deur presies te sê wat die funksie van die skuinsgedrukte woorde is. (1)
- 10.12 Rangskik die plekke waar die McDonalds voorheen gewoon het en waar hulle al hoe ongelukkiger geword het, in die korrekte volgorde. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.
- A Soekmekaar
B Lydenburg
C Touwsrivier
D Twyfelfontein (4)
- 10.13 Skryf ? volledige paragraaf oor die rol wat treine in die lewe van Manuel, Katrien en Hendrik speel. (5)
- 10.14 Watter lewenswaarde leer Toorwater se mense jou? (1)
[35]

AFDELING C: KORTVERHALE

STORIEJOERNAAL

BEANTWOORD OF DIE OPSTELVRAAG OF DIE KONTEKSTUELE VRAAG

VRAAG 11: Opstelvraag

DIE WERKSMANNE VAN SLOVOVILLE: Johnny Masilela

- Lees die volgende uittreksel deur.

1	Nou sit die manne van Slovoville rustig en luister, knieë opgetrek.
2	Party krap in die harde grond rond met droë stokkies. Die vrouens
3	luister ook, hul bene uitgestrek in die stof. Hulle luister almal
4	aandagtig na die spreker, Jeremiah Vimbi, hy met die groot gate in
5	sy oorlelle en ? stem soos die gerammel van veraf donder. Hy
6	probeer die mense oorreed om ernstig te dink oor die bou van ?
7	skool vir ons, die kinders van Slovoville.

In hierdie kortverhaal motiveer Jeremiah Vimbi die mense van Slovoville om saam te span om ? projek aan te pak vir die toekoms van hulle kinders. Bespreek hierdie stelling in ? OPSTEL volledig.

Jy kan in jou opstel na die volgende gebeure verwys:

- die ideaal van ? arm gemeenskap
- hoe die gemeenskap saamstaan om die ideaal waar te maak
- hoe die ideaal van hierdie mense vernietig word.

[35]

VRAAG 12: Kontekstuele vraag**DIE ENGELMAN (vir Cila):** Izak de Vries

- Lees die volgende gedeelte deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1 Die brief moes toe vandag kom Vroegoggend is hier
 2 ? paar meisies verby en hulle het Afrikaans gepraat. Dis
 3 dan wanneer my l yf verlang. My hele lyf, nie net my kop
 4 en my hart nie. Dan wil ek weer vir Natalie naby my h e.
 5 Daar is iets in die manier waarop sy my vasgedruk het toe
 6 ek weg is wat ek steeds mis. As ek dit in woorde sou kon
 7 omskep, sou dit makliker wees, maar ek kan nie. Dis nie
 8 my kop of my tong wat daardie drukkies mis nie, dis my
 9 alles. My hand onthou my pa se groet. My wange onthou
 10 my ma se soene. Maar my hele lyf onthou Natalie se
 11 stywe, stywe druk.

- 12.1 Waarheen presies het Chris gegaan toe hy sy ouers en Natalie gegroet het? (1)
- 12.2 Rangskik die feite in die korrekte volgorde.
 Skryf net die vraagnommer en die letter neer.
- A Chris het hard gespaar sodat hy vir die eerste twee of drie jaar self vir sy studies kon betaal, want beurse is skaars.
- B Hy het toe in matriek vreeslik hard gewerk sodat hy daarna universiteit toe kon gaan.
- C Chris sou ? klein kamertjie huur waar hy sy rekenaar, sy boeke en sy kamera kon neersit en studeer sonder dat hy gepla word.
- D Chris het vir twee jaar reeds planne gehad vir ? brugjaar na skool. (4)
- 12.3 Die brief moes toe vandag kom. (Re el 1)
- 12.3.1 Wat het Natalie in haar brief aan Chris geskryf? Gee TWEE feite. (2)
- 12.3.2 Voltooi: Die inhoud van Natalie se brief met slegte nuus vir Chris, was vir hom baie moeilik om te aanvaar en Chris moes keer dat hy (1)
- 12.4 Chris het nooit gedink dat hy so ? ontstellende brief met hartseernuus van Natalie sou kry nie.
- 12.4.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 12.4.2 Gee ? rede vir jou antwoord in VRAAG 12.4.1. (1)

- 12.5 Pas die stelling in KOLOM B by die stelling in KOLOM A.
Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

KOLOM A: Chris		KOLOM B: Natalie	
12.5.1	Hy het amper die Engeland-storie afgestel.	A	Die boek, <i>Possession</i> , het vir haar baie beteken.
12.5.2	Hy het ? geweldige boekkennis gehad.	B	Haar pa het geweier dat sy saamgaan.
12.5.3	Van daardie dag af het Chris net oë vir haar gehad.	C	Dit het haar nooit verveel nie.
12.5.4	Hy stel glad nie in ander meisies belang nie.	D	Sy het Chris se kennis en opgewondenheid gedeel.
12.5.5	Hy was baie geïnteresseerd in die geskiedenis van die plek waar hy sou gaan werk.	E	Haar briewe het geborrel oor die studentelewe en die ander ouens.

(5)

- 12.6 Voltooi: Chris se baas in Engeland noem Chris sy 12.6.1 ... (1) en Chris werk hard en verdien goeie 12.6.2 ... (1), want Chris gebruik sy perfekte Engelse aksent en hy laat sy passasiers 12.6.3 ... (1). (3)

- 12.7 Waarom het Chris dit nie geniet om saam met die ander Suid-Afrikaners in Engeland in die kroeg bier te drink nie? (1)

- 12.8 Voltooi die volgende stelling met die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

Die enigste goed wat Chris se kop altyd “skoongehou” het, was ...

- A boeke en fliëks.
B taxi-ry en vinnig ry.
C foto's neem en toer.
D mooi meisies en flirtasies. (1)

- 12.9 Voltooi die volgende stelling met die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

Die twee meisies en twee ouens wat hy betyds by die hawe moes kry, het Chris ...

- A opgewonde gemaak.
B ongemaklik laat voel.
C lekker laat glimlag.
D heelyd laat stres. (1)

- 12.10 Noem EEN rede waarom Silina vir Chris ? “engelmannelike” noem. (1)

- 12.11 Voltooi die volgende stelling met die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.
- Chris se passasiers was oortuig daarvan dat Chris
- A ? jaagduiwel is.
B hulle grappe verstaan.
C ? Engelsman is.
D sy passasiers geniet. (1)
- 12.12 Silina kom net op die regte tyd en plek in Chris se lewe. Skryf ? paragraaf oor Silina as ? karakter van wie Chris onmiddellik hou. (5)
- 12.13 Chris weet dat die een regte ding wat hy in sy lewe gedoen het, was om ? brugjaar na matriek te neem.
- 12.13.1 Wat is die tweede regte ding wat hy besluit het om te doen? (1)
- 12.13.2 Wat doen Chris daarna omdat hy bly is oor sy besluit? (1)
- 12.14 Chris het gedink dat sy pa en ma nog baie konserwatief dink.
- 12.14.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 12.14.2 Gee ? rede vir jou antwoord in VRAAG 12.14.1. (1)
- 12.15 Chris sou uiteindelik nooit weer van Silina hoor nie.
- 12.15.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 12.15.2 Motiveer jou antwoord in VRAAG 12.15.1. (1)
- 12.16 Wat is jou mening oor ? brugjaar na matriek? (1)
- [35]**

OF

AFDELING D: GEDIGTE**BEANTWOORD TWEE VAN DIE VOLGENDE VRAE****VRAAG 13: : Kontekstuele vraag****MELKKANTIEN:** Elisabeth Eybers**MELKKANTIEN**

1 Wat soek sy hier waar alles glim, die vrou
 2 verweer en afgewater, kneukels rooi,
 3 soos die tamatiesap, waarom hul klou?
 4 Tussen die kelnerinne, opgetooi,
 5 met jong gesigte, almal leeg en hard,
 6 wat soek sy hier, so afgesloof en stroef,
 7 in haar verrimpelde gelaat die smart
 8 van anders en alleen wees saamgeskroef?


9 vir sóveel powerheid is daar geen troos:
 10 ek vat die vol glas lomp en sê, ek soek
 11 na 'n apteker, dalk kan sy my help?
 12 Sy stoot die vaal haartoutjies terug, oorstelp
 13 van vriendelikheid, beduie tandeloos:
 14 jy meen 'n kemmis? Ja, net om die hoek.

13.1 Wat is 'n melkkantien in hierdie gedig? (½)

13.2 Kies uit die volgende lysie TWEE woordgroepe wat die vrou in die melkkantien die beste beskryf. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

- A leeg en hard
 B verweer en afgewater
 C jonk en opgetooi
 D afgesloof en stroef (2)

13.3 Waarom herinner die volgende prentjies jou aan die vrou in strofe 1?



13.4 Die jong kelnerinne is onnatuurlik. (1)

13.4.1 Sê of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

13.4.2 Motiveer jou antwoord met EEN woord uit strofe 1 (1)

13.5 Lees versreëls 2 en 6 en skryf dan die teenstelling tussen die kelnerinne en die vrou neer. (2)

13.6 Voltooi die volgende stelling met die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

Die herhaling van die s-klank in “afgesloof en stroef” (versreël 6) is ?
voorbeeld van ...

- A paarrym.
- B assonansie.
- C alliterasie.
- D omarmde rym. (1)

13.7

hartseer en eensaamheid/tandelose/vriendelikheid/ simpatiek/armoedigheid/negatief
--

Voltooi die onderstaande paragraaf deur woorde uit die blokkie te kies.

“Soveel powerheid” in versreël 9 verwys na die 13.7.1 ... (1) van die vrou. Die spreker besef dat die vrou baie 13.7.2 ... (1) is. Die ek-spreker voel daarom baie 13.7.3 ... (1) teenoor haar. (3)

13.8 Noem EEN manier waarop die spreker probeer om die vrou te troos. (1)

13.9 Pas die woord/beskrywing in KOLOM B by die woord/beskrywing in KOLOM A. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

KOLOM A	KOLOM B
13.9.1 oktaaf	A 14 reëls
13.9.2 sonnet	B sekstet/sestet
13.9.3 sekstet/sestet	C ses reëls
13.9.4 geen vaste rympatroon	D omarmde rym

(4)

13.10 Voltooi die volgende stelling met die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

Die tema van hierdie gedig is ...

- A hoe ? vrou haarself kan verwaarloos.
- B die teenstelling tussen jong en ouer vroue.
- C die vraag na die sin van die mens se bestaan.
- D ? goeie verhouding tussen kelnerin en kliënt. (1)

[17½]

VRAAG 14: Kontekstuele vraag**LIFE VAN DIE JOBLESS:** Vincent Oliphant**LIFE VANNIE JOBLESS**

- 1 Ek sê, my bra, ken dji die agony vannie jobless,
 2 van application forms en briewe en even wasted phone calls,
 3 van jou skoene stukken loep en van rejection
 4 en van trainfare wat nieman gaan replasie
- 5 En ken dji die pyn van virrie kinnere sê daar issie,
 6 van kostafels sonner kos en lawyerlette's wat ophoep
 7 van water wattie melk innie baby-borrel replace
 8 en van skel oor geld wat nêrens te vind issie.
- 9 Ja, my bra, soe issie life vannie jobless:
 10 een van great depression en rejection,
 11 'n life van alienation en degradation
 12 daai issie life vannie jobless.
- 13 Ken dji hoerit voel as dji moet loaf,
 14 van oppie grond slaap sonner komberse,
 15 van overcrowding sonder lektriëk
 16 en van innie gel'gatte se rubbish soek vir kos.
- 17 En ken dji hoerit voel as die laaities hul respek verloor
 18 vir ouers wat van wyn ? afgod maak,
 19 van buttons wat common use word innie join',
 20 en vannie stelery wan God het ôs desert.
- 21 Ja, my bra, nou daai issie life vannie jobless.

14.1 Lees die volgende koerantopskrifte.

A	B
Maatskappye hernu geen werkskontrakte nie	Hele wêreld ervaar afname in nuwe werksgeleenthede
C	D
Al minder gaan werk kry in 2009	Ekonomie gesels oor werksprojekte

Watter EEN koerantopskrif pas NIE by die titel van die gedig NIE?
 Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

(½)

14.2 Aan wie vertel die hoofkarakter sy storie?

(1)

- 14.3 Dit is nie maklik vir die Pa om elke dag werk te soek nie.
- 14.3.1 Sê of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)
- 14.3.2 Motiveer jou antwoord met EEN woord uit die eerste strofe. (1)
- 14.4 Pas die sin in KOLOM B by die strofe in KOLOM A. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

KOLOM A	KOLOM B
14.4.1 Strofe 1	A Jy word ? misdadiger omdat jy nie werk het nie.
14.4.2 Strofe 2	B Die lewe is minder werd omdat jy nie werk het nie.
14.4.3 Strofe 3	C Al die dinge wat gedoen word om werk te soek.
14.4.4 Strofe 4	D Die pyn omdat daar nie geld en kos is nie.
14.4.5 Strofe 5	E Die slegte lewensomstandighede as iemand nie werk het nie.

(5)

- 14.5 Hoe weet ons dat die man in die moellikheid is oor skuld? (1)

- 14.6 Lees strofe 3 van die gedig.

- 14.6.1 Skryf die rymskema/rympatroon van strofe 3 neer. (1)

- 14.6.2 Wat is die naam van hierdie soort rymskema/rympatroon? (1)

- 14.7 Die werklose man en sy gesin het nie altyd kos nie.

- 14.7.1 Sê of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

- 14.7.2 Motiveer jou antwoord met EEN versreël uit strofe 4. (1)

- 14.8 Watter antwoord voltooi die volgende sin NIE korrek NIE? Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

Die gevolge van werkloosheid op die gemeenskap is dat ...

- A kinders nie meer respek vir hulle ouers het nie.
- B die mense al hoe nader aan God lewe.
- C die ouers te veel begin drink.
- D dwelmgebruik algemeen word. (1)

- 14.9 Die ek-spreker vra vier maal aan die persoon vir wie hy sy storie vertel: "ken djy".

- 14.9.1 Wat word so ? vraag genoem? (1)

- 14.9.2 Wat is die doel van hierdie soort vraag? (1)

- 14.10 Wat is die tema van hierdie gedig? (1)






[17½]**OF**

VRAAG 15: Kontekstuele vraag**TALLE TONGE:** Mathews Phosa

TALLE TONGE	
1	Talle tonge het ek
2	een tong op ? gegewe oomblik
3	? heuningtong
4	? bitter tong
5	? stomp tong
6	genoeg om te swyg
7	my skerp tong klap
8	klap soos ? sweep
9	en keep diep en laat bloei
10	my suur tong brand
11	brand soos asyn
12	en laat krimp inmekaar en skend
13	Talle tonge het ek
14	een tong op ? gegewe oomblik
15	? tong om te sny
16	? tong om te salf
17	Ek het talle tonge

- 15.1 Voltooi: In die herhaling van “talle tonge” het ons ? voorbeeld van (assonansie/alliterasie) (½)
- 15.2 Voltooi met die KORREKTE antwoord: “Talle tonge het ek” (versreël 1) is ? voorbeeld van (kontras/inversie/personifikasie) (1)
- 15.3 Die spreker kan op dieselfde tyd op verskillende maniere praat.
- 15.3.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 15.3.2 Haal EEN versreël aan om jou antwoord in VRAAG 15.3.1 te bewys. (1)

15.4 Pas die tipiese tienerwoorde in KOLOM B by die soort tong in KOLOM A
Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

KOLOM A Soort tong		KOLOM B ? Tiener se leefwêreld
15.4.1	 	A Ek voel bitter en sal jou nooit kan vergewe nie!
15.4.2	 	B Laat ek liever net niks sê nie en dit vir myself hou.
15.4.3		C Ek hou van jou haarstyl; dit pas by jou. Kan ek jou ? guns vra?
		D Niemand wil met jou vriende wees nie, want jy is vet en dom!

(3)

15.5 Gee ? sinoniem vir ? talle". (1)

15.6 Skryf TWEE vergelykings uit die gedig neer. (2)

15.7 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

Watter tong maak ? mens innerlik baie seer?

- A ? Tong wat salf.
- B ? Stomp tong.
- C ? Skerp tong.
- D ? Heuningtong.

(1)

? Sweep is in hierdie gedig ? voorwerp wat nie skade kan veroorsaak nie.

- 15.8
- 15.8.1 Is die hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 15.8.2 Gee EEN feit uit die gedig vir jou antwoord in VRAAG 15.8.1. (1)
- 15.9 Noem TWEE dinge wat ? suur tong aan ? mens kan doen. (2)
- 15.10 Voltooi: Al die soorte tonge waarmee die spreker in die gedig praat, vertel van hoe hy/sy (met verskillende emosies/in verskillende tale) ... kan praat. (1)
- 15.11 Watter EEN WOORD bind al die beskrywings in die gedig saam? (1)
- 15.12 Watter stelling voltooi die volgende sin KORREK?
Skryf net die vraagnommer en die letter neer.
- Die konnotiewe betekenis van die titel, *Talle tonge* is dat die spreker ...
- A nie weet hoe om met ander mense te kommunikeer nie.
B op verskillende maniere met ander mense kommunikeer.
C op ? onbeskaafde manier met ander mense kommunikeer.
D nie op ? mooi manier met ander mense kan kommunikeer nie. (1)
- [17½]

OF

VRAAG 16: Kontekstuele vraag

WETENSKAPMANNETJIES: Antjie Krog

WETENSKAPMANNETJIES

- 1 Julle sit onder swart teleskope
- 2 en kyk na die son
- 3 tot julle besef dat julle nooit daar sal kom.
- 4 Pateties bepaal julle dan ligjare
- 5 en vertel dat die son as't ware
- 6 inkrimp en eendag gaan verdwyn.

- 7 Ons sit maar hoog op die windpomp
- 8 en kyk hoe die son sy kop stamp
- 9 teen die rant
- 10 hoe hy bloei
- 11 hoe die vaal lug gloei
- 12 hoe die bome tot silhoeëtte verskroei.

- 13 Daarom liewe menere teken ek klawertjies
- 14 tussen my huiswerk, kry ek 26%

15	want ek luister eerder na
16	die verdwaalde korhaan
17	tussen die bossies by die tennisbaan
18	en kwadreer liever my vreugdes
19	en vind dan die logaritme van my hartseer
20	want syfers bring ? eensaamheid
21	wat geen mens kan keer.

- 16.1 Watter stelling voltooi die volgende sin KORREK?
Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

Die spreker praat van "Julle" (versreël 1) en van "ons" (versreël 7).
Dit skep die gevoel dat die spreker ...

- A baie slimmer as die wetenskapmannetjies is.
B dink dat hy/sy beter as die wetenskapmannetjies is.
C wil sê dat hy/sy van die wetenskapmannetjies verskil.
D met die wetenskapmannetjies kan kommunikeer. (1)
- 16.2 Wat sal die wetenskapmannetjies volgens die spreker nie regkry nie? (1)
- 16.3 Voltooi: Met die woord, "Pateties" (versreël 4) sê die spreker dat hy/sy die wetenskapmannetjies (respekteer/nie respekteer nie) (1)
- 16.4 Noem die TWEE stellings wat die wetenskapmannetjies oor die son maak. (2)
- 16.5 Kies die beskrywing in KOLOM B wat ? **teenstelling** is van die beskrywing in KOLOM A.

KOLOM A Die wetenskapmannetjies		KOLOM B: Die "ons"	
16.5.1	Sit en werk binne.	A	Doen swak in die akademie.
16.5.2	Doen voorspellings.	B	Leef van dag tot dag.
16.5.3	Doen moeilike wetenskaplike navorsing.	C	Ontspan buite in die natuur.

(3)

- 16.6 Lees die volgende versreëls.

7	Ons sit maar hoog op die windpomp
8	en kyk hoe die son sy kop stamp
9	teen die rant
10	hoe hy bloei

- 16.6.1 Watter soort beeldspraak kry ons in versreël 8? (1)
- 16.6.2 Haal nog ? voorbeeld van dieselfde beeldspraak uit hierdie vier versreëls aan. (1)

NSS

- 16.7 Voltooi: Die spreker gebruik TWEE sintuie.
Hy/sy sien 16.7.1 (noem EEN ding) ... en hy/sy hoor 16.7.2 (2)
- 16.8 Die spreker is verveeld en sukkel om op sy/haar skoolwerk te konsentreer.
- 16.8.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 16.8.2 Gee ? bewys vir jou antwoord in VRAAG 16.8.1. (1)
- 16.9 Watter stelling voltooi die volgende sin KORREK?
Skryf net die vraagnommer en die letter neer.
Die spreker se opinie van Wiskunde of Wetenskap is dat dit ...
- A jou vreugdes vermeerder.
B korrekte voorspellings maak.
C jou laat luister na jou hart.
D eensaamheid veroorsaak. (1)
- 16.10 Uit die titel is dit duidelik dat die spreker baie respek vir wetenskaplikes het.
- 16.10.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 16.10.2 Verduidelik jou antwoord in VRAAG 16.10.1. (1)
- 16.11 Watter antwoord voltooi die volgende sin KORREK?
Skryf net die vraagnommer en die letter neer.
Die spreker teken klawertjies (versreël 13) om hom/haar te help om ...
- A beter te kan konsentreer.
B wiskundige vorms beter te teken.
C van die pyn en vernedering te vergeet.
D die wetenskapmannetjies beter te verstaan. (1)
[17½]

GROOTTOTAAL: 35 + 35 70